DEEL 116 | WEEK 49 | 6 DESEMBER 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Waaksaamheid verseker 'n veiliger feestyd

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in die Vrystaat duur voort met hul onvermoeide pogings om 'n veiliger feestyd vir alle burgers te verseker. Hul verskerpte waaksaamheid, vinnige reaksie en doeltreffende koördinering het onlangs gelei tot die inhegtenisneming van verdagtes betrokke by ernstige misdade in Heilbron.

In een van die voorvalle op 3 Desember 2024, het die polisie vinnig opgetree ná 'n gewapende roof by die Heilbron Poskantoor. Omstreeks 16:30 het 'n gewapende rower 'n kliënt gedreig wat in die poskantoor was en die poskantoorwerknemer gedwing is om die kasdiensvenster oop te maak.
Twee ander verdagtes het daarna die gebou binnegekom en die werknemer en kliënt na die kluis geforseer, waar hulle 'n onbekende bedrag kontant gesteel het.

Met die hulp van Heilbron se beheerkamer en dorpwag kon die SAPD vinnig optree om die voertuig te identifiseer wat uit Heilbron gevlug het. Die voertuig is later op die Vredefort-pad opgemerk. In die verdagtes se poging om die polisie te ontduik, is daar op die polisie geskiet, waarop die polisie terug vuur en is een verdagtes in die proses gewond. Die verdagte is op die toneel in hegtenis geneem, terwyl die ander twee ontsnap het. Een van die ander twee verdagtes is later in Vredefort opgespoor. Die gesteelde geld en eiendom is in die voertuig gevind.

In 'n aparte voorval het inwoners op die Heilbron-Deneysville-pad na bewering verskeie veiligheidsuitdagings ervaar. Vroeg die oggend het individue, wat vermoedelik aan inisiasieskole gekoppel is, in die pad gestap en is deur 'n voertuig getref. Een persoon het ligte beserings opgedoen. Terwyl 'n ander voertuig stilgehou het om hulp te bied, is die voertuig met klippe bestook.

Motoriste en inwoners word gewaarsku om versigtig en waaksaam te wees, veral in die feestyd, waar groter volumes verkeer en moontlike veiligheidsrisiko's verwag word.

Die SAPD verseker die gemeenskap dat alle nodige stappe geneem word om wet en orde te handhaaf, en dat hulle toegewyd bly aan die beskerming van hul gemeenskappe.

Die publiek word aangemoedig om enige verdagte aktiwiteite by hul naaste polisiekantoor aan te meld.

Met hierdie doeltreffende optrede deur die SAPD en samewerking deur plaaslike inwoners en veiligheidsinstansies, is 'n sterk boodskap gestuur dat misdaad geen plek in die Vrystaat het nie.

BETAAL JY TEVEEL VIR JOU
VOERTUIG SE VERSEKERING?




2024 TOYOTA HILUX DOUBLE CAB
omvattende dekking vir slegs
R823
per maand

SHORT TERM TRUST
BROKERS - MAKELAARS
SEDERT 2011

Vir 'n gratis kwotasie kontak:
Dewald Buys: 082 301 4020

- Oesversekering
- Motorversekering
- Agri versekering
- Reisversekering
- Besigheidsversekering
- Persoonlike versekering
- Voertuie-, Trokke-, Trekkers- en Implemente-versekering

Termes en voorwaardes geld | Premies is gebasseer op kliënte profiel
Authorised Financial Services Provider 43364

BKB

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Grafte onder water

## *Verlies en Herinnering*

In dieptes van die Vaaldam, onder die glinsterende water, op die oppervlakte van die eiland lê 'n wêreld wat veel meer as net natuurlike skoonheid bevat. Dit is 'n wêreld waar grafte onder water nie net raar is nie, maar ook as plekke van herinnering en verlies beskou word. Die Riemland Museum komitee tesame met hul vennote van die GGSA asook verteenwoordigers van die Monument Jagters groep het verlede naweek die UJ eiland op Deneysville besoek. Grafte op die eiland is besoek en bestudeer ten einde verdere navorsing te doen oor die oorledenes. Hierdie grafte kan slegs waargeneem word wanneer die Vaaldam op sy laagste vlakke is. Daar is al voorheen foto's deur besoekers geneem en versprei op sosiale media maar daar was nog geen opname gedoen nie. Die navorsingsspan het besluit om die inligting van elke graf te dokumenteer deur fotos te neem, die besonderhede op die kopstene wat nog leesbaar is, neer te skryf asook om die presiese GPS-ligging te neem. Die oudste grafte wat bevestig kon word was van 1893 voor die Anglo-Boereoorlog (ABO). Hierdie besonderhede gaan nou op die GGSA se data basis gevoeg word sodat daar verdere navorsing gedoen kan word. Die publiek kan verdere inligting verkry deur die Riemland Museum direk te besoek of op die Riemland Museum se Facebook blad te gaan loer. Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om Njabulo Nyawo van die Universiteit Van Johannesburg asook die NSRI van Vaaldam te bedank vir die geleentheid om hierdie merkwaardige plek te kon besoek. Grafte onder water bied 'n blik op die verhouding tussen lewe, dood en die natuur maar in hierdie geval is daar 'n ander faktor betrokke naamlik die invloed van die mens. Die mens het hierdie waterbron aangepas en verander om ten einde optimale watervoorsiening vir omliggende areas te verseker. Die grafte herinner ons aan die feit dat die dam nie net 'n hedendaagse waterbron is nie, maar ook 'n historiese kant as begrafplaas het. Hierdie plekke herinner ons nie net aan die verlede nie, maar ook aan die noodsaaklikheid om die lewe te vier en die herinneringe te koester.





# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Ons kondig graag aan die 5 Projek van Hoop Finaliste.
Hierdie persone staan die kans om die Renault Kwid Life ter waarde van R196 999 te wen. Dankie aan Sentraal 24, Renault Bloemfontein en Evolve Auditing and Advisory, hoof borge van die Engo Projek van Hoop. Wenner word op 5 Desember 2024 aangekondig. Baie geluk aan die finaliste.







*Die Bless met 'n Blikkieprojek is nogsteeds aan die gang. Kom neem deel deur om enige ekstra nie-bederfbare produk in die mandjie te sit by OK Minimark. Die mandjie is voor die kasiere en word gereeld met soveel opgewondenheid en dankbaarheid oopgemaak.*

# Ongeluk in Kerkstraat laat dorp gons

Vrydag het die dorp tot stilstand gekom ná 'n botsing tussen 'n polisievoertuig en 'n BMW in Kerkstraat plaasgevind het. Die voorval, wat talle inwoners geskok het, het groot belangstelling uitgelok, maar presies wat gebeur het, bly steeds 'n raaisel.

Hoewel geen ernstige beserings aangemeld is nie, is die skade aan beide voertuie groot. Ooggetuies, wat die toneel van naderby dopgehou het, vertel uiteenlopende weergawes van die voorval. Sommiges beweer dat een van die bestuurders van die Polisie voertuig nie tot stilstand by die stopstraat gekom het nie het nie, terwyl ander daarop aandring dat dit bloot 'n ongeluk was wat nie voorspel kon word nie. Die drywer van die polisie voertuig verduidelik wel dat hy by die stop stilgehou het, vir 'n trok wat twee bane nodig het om te draai. Die trokdrywer het vir hom gewys dat hy kan ry. Die BMW het na bewering die trok verby gesteek. Hoewel nie als wat gebeur het duidelik is nie is een ding duidelik, die herstelkoste vir beide voertuie sal astronomies wees.



# UIT DIE PEN: Week 49

Die laaste paar weke was daar 'n paar nuusberigte oor bekendes. Dit het die wenkbroue laat lig en bewonderaars in hulle Chardonnay laat stik. Terloops: ek het onlangs gelees dat "Chardonnay" effens plonkerig is. Dis nou regtig jammer, het ek gedink.
Oor die bekendes en oor die Chardonnay. 'n Rugbyspeler (en amper vergeet ek van sy afrigter), 'n Afrikaanse sanger en 'n komediant kondig aan dat hulle gaan skei of klaar geskei is. Daar is ook een wat na twee vroue gevry het. Die twee vroue was albei in verhoudings. Wanneer dit bekend gemaak word, is die gehoor dadelik in twee gedeel. Die een groep is vir die bekende en die ander groep teen. Daar is baie min gevalle waar iemand op die draad sit.
Die bekendes pos ook dan iets soos: "Respekteer asseblief ons privaatheid gedurende hierdie seer tyd." Dit voel vir my of die mens hink op twee gedagtes. Hulle wil bekend wees en maak seker dat hulle sosiale rekeninge dit weet. Maar wanneer dit hulle nie pas nie, wil hulle die bekendheid toeplak.
Nie lank gelede nie, was daar 'n program op 'n Afrikaanse kanaal waar 'n man na 'n vrou gesoek het. Hy het toe ook 'n keuse gemaak, en die twee was sielsalig bymekaar. Fotos op sosiale media, vertel vir almal dit is "die een". Hulle trek by mekaar in, besing mekaar se lof.
Nie lank daarna nie, is hulle uitmekaar, en skryf pragtige en filosofiese skryfstukke op sosiale media oor wat hulle almal van mekaar geleer het, en hoe hulle as vriende uitmekaar gaan. Om presies ses maande is hulle weer in die media, weereens as gevolg van hulle eie sosiale media: "Ek het "die een" ontmoet." Weer, dink ek. Hoeveel "Die Een" kan daar op die aarde wees?
Indien hulle nie tydens die saamblyfase uitmaak nie, raak hulle met goot fanfare verloof. Daar is borge vir die fotos en die klere. Die paartjie vertel dan gewoonlik hoe hierdie as 'n verrassing gekom het, en hoe hulle beplan het sodat dit nie uitlek nie. (En hoe het die borge en media dan daarvan geweet, wonder ek?)
Dan die bachelorette: drank en koek geborg. En iemand met 'n hengse lang asem om al die balonne op te blaas.
Nou raak dit ernstig.
Met die troue raak die borge effens meer. Spysenier, fotograaf, geskenkies, drank, troukoek, klere, blomme, uitnodigings en natuurlik die *venue*. (Kan ons nie maar 'n Afrikaanserige Woord kry vir "venue" nie?) Of dink jy die borge gee niks nie?
Wanneer daar weereens 'n glanstroue is, is daar gewoonlik 'n eksklusiewe storie in 'n publikasie en aan die einde van die artikel is die name van al die borge. Borge skenk. Borge gee. Borge ondersteun.
Daarna kry die bekendes 'n geborgte wittebrood waar die fotograaf sommer saamgaan. Gewone mense hou gewoonlik 'n *honeymoon*. Vir vroue is dit soms 'n *funnymoon* en vir mans 'n *moneymoon*.
Die kuddediere wag op nog 'n stukkie aas vanaf die bekendes. Dalk kom daar binnekort 'n baba. Dalk is daar een of ander oorsese vakansie wat wag. Dalk.
Jy het die hele tyd gepleit vir aandag, meer hits vir jou plasings, jy het selfs al produkte begin adverteer. Dit sommer so in die verbygaan ingegooi: "Ek oefen tans en het produk ABC begin gebruik om spiere te bou." Of wat van: "Ek het 'n veeleisende loopbaan, en daarom drink ek hierdie pille."
Die produk is strategies in die agtergrond geplaas, op so 'n manier dat jy dit moet raaksien. Jy kan nie anders nie. En as die die bekende die produk gebruik, gaan jy ook, want kyk net hoe goed lyk die bekende, dink jy by jouself. En so kry die bekendes darem nog 'n inkomstetjie.
Dis wat ek nie kan verstaan nie en waaroor ek tans wonder. Hoekom blaker jy alles op sosiale media uit, maar vra vir privaatheid? En dan bars die bom: hulle gaan skei. Maar respekteer ons privaatheid. Of: die persoon meng in ander se huwelike in. Maar respekteer my privaatheid. Hy laat weet: "Ek weet wie ek is, my vriende glo in my en ek waardeer my bewonderaars." Daar is drie artikels in verskillende publikasies wat sy lof besing. Of wat van iemand wat die hele tyd ontken het dat hulle by 'n sekere sakeman geld belê het, en toe die koerant hulle in 'n hoek vaskeer, het hulle geen verweer nie. Groot trane. "Hoekom is die media so lelik met my?"
Wat vir my verstommend is, is dat die bekendes so gesmeek het vir aandag, dat hulle dink dat die aandagknoppie net aan- en afgeskakel kan word. As jy 'n bekende wil wees, moet jy voluit daarvoor gaan. Vir die goeie publisiteit en die swak publisiteit. As jy jouself vir sosiale media oopgemaak het, kan jy nie kies hoe die volgelinge (nie noodwendig die bewonderaars nie) reageer nie.
En dit help ook nie om artikel op artikel te publiseer nie. *The lady doth protest too much, methinks*, het Shakespeare mos in Hamlet geskryf. So asof ek al ooit vir Hamlet gelees het.
Ek staan net verstom as ek sien hoe bekendes hulle oop en bloot vasloop in skandale. Soms wil hulle dit toesmeer of toepraat, maar dit help nie. Dan vra hulle vir privaatheid.
Ek wonder vandag in watter mate sosiale media aan ons almal se privaatheid gevreet het? Ek was aanvanlik onsteld toe ek aan die begin van die jaar met 'n wildvreemde vrou praat: sy het my werksgeskiedenis beter as ek geken! Totdat ek gesien het dat my werksgeskiedenis en my kwalifikasies te siene is op LinkedIn, omdat ek aanvanklik na 'n nuwe pos gesoek het, en vergeet het om my privaatheidstellings te verander.
Maar dit was my eie skuld.
Gun my asseblief die privaatheid om alleen hierdeur te werk.
Bog.

# Kersfeesvieringe kry 'n voorsprong met Hartklop se Kersmark



Met Kersfees om die draai het die span van Hartklop besluit om die feestyd in styl af te skop met 'n Kersmark wat Saterdag, 30 November, plaasgevind het. Die dag was propvol vreugde, kreatiwiteit en gesellige saamkuier, met iets vir oud en jonk om te geniet.

Die mark het 'n verskeidenheid van interessante uitstallings gebied, insluitend vetplante, juwele, koekies spesiaal vir Kersvader, en 'n oorvloed van lekkergoed wat kinders se harte bly gemaak het. Die atmosfeer was vrolik, en die gehalte van die uitstallers se produkte het die gemeenskap geïnspireer om die beste van plaaslike kreatiwiteit te ondersteun.

Riaan Agenbag, mede-eienaar van Hartklop, het vertel dat die sukses van hierdie Kersmark 'n aanduiding is dat dit 'n jaarlikse instelling kan word. "Ons wil graag hierdie tradisie voortbou, en ons beoog ook om kwartaaliks markte aan te bied sodat die gemeenskap gereeld 'n kans kan kry om saam te kom en plaaslike besighede te ondersteun," het hy verduidelik.

Die organiseerder van die dag, Betsie Walsh, het ook 'n besondere bydrae gelewer. Haar beplanning en toewyding het gesorg dat ongeveer 13 uitstallers die dag kon bywoon en hul unieke produkte met trots uitgestal het. Die gemeenskap het met entoesiasme die mark ondersteun. Die Heilbron Kersmark het duidelik 'n spesiale plek in die gemeenskap se hart verower en belowe om een van Heilbron se hoogtepunte te word. Met sulke inisiatiewe lyk die toekoms helder vir plaaslike besighede.

# Heilbron's Star Shines Bright

*Lushay Barends Triumphs at Miss Radiant Starlet 2024*



On Sunday, December 1, 2024, the radiant eight-year-old beauty, Lushay Barends, represented Heilbron with grace and pride at the Miss Radiant Starlet 2024 pageant in Johannesburg. Lushay dazzled the judges and the audience, walking away with multiple prestigious titles and awards.


Her accolades include: Best Tropical Wear, Best Overall Performance, and the highly regarded Miss Congeniality award. Furthermore, Lushay's charm and public support secured her the Public Choice award. To crown her triumph, she was named the Junior Queen of Little Miss Radiant Starlet 2024, a title that cements her growing legacy in the pageantry world.

This latest victory is a testament to Lushay's exceptional talent and dedication, as well as a continuation of her impressive track record in previous beauty pageants. Her achievements serve as a beacon of inspiration for young talents in Heilbron, demonstrating the power of determination and confidence.

Heilbron has once again proven itself as a town brimming with extraordinary talent. Lushay's success not only celebrates her personal journey but also shines a spotlight on the community that supports and uplifts its young stars.

Congratulations to Lushay Barends for her remarkable accomplishments! May her journey continue to inspire and bring pride to Heilbron and beyond.

# Erna behaal groot prestasie en reik na nuwe hoogtes



*Op de foto vl Albert, Erna en Colett Els.*

Erna Els, 'n oud-leerling van Hoërskool Heilbron wat in 2021 matriek voltooi het, het onlangs 'n groot mylpaal in haar loopbaan bereik. Sy het haar studies in Somatologie suksesvol voltooi by ISA Carstens Akademie in Pretoria na drie jaar se toegewyde werk.

Op Sondag het Erna nóg 'n droom bewaarheid toe sy haar "Golden Call" van Emirates-lugredery ontvang het. Hierdie spesiale oproep dui aan dat sy gekies is om by hierdie wêreldbekende lugredery aan te sluit. Sy vertrek op 17 Januarie 2025 na Dubai, waar sy haar reis as lugwaardin gaan begin.


TELWIEDRÉ VOERE

VAKANTE POSTE

Elektriese Tegnikus & Instandhoudings- Ambagsman: Monteer-/Ketelmaker

SLUITINGSDATUM:- Vrydag, 13 Desember 2024

BELANGSTELLENDES:- E-pos u CV na admin@telwiedre.co.za

Elektriese Tegnikus — Minimum Vereistes en Kwalifikasies; Pligte en Verantwoordelikhede

Instandhoudings- Ambagsman: Monteer-/Ketelmaker — Minimum Vereistes en Kwalifikasies; Pligte en Verantwoordelikhede

058 85 22742 | www.telwiedre.co.za | telwiedre@heilbron.co.za | Botha St, Heilbron, 9650



ULECTRIC SOLAR AND ELECTRICAL

- COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
- WIRING & RE-WIRING
- OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
- INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
- ELECTICAL REPAIRS
- FAULT FINDING
- EQUIPTMENT REPAIR
- SOLAR BOREHOLE PUMPS
- BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 | WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL | Ulectric 084 499 9937

# Iceberg Truck Stop vier Eerste Verjaarsdag

Op Vrydag, 29 November, het Iceberg Truck Stop sy eerste verjaarsdag met groot opwinding en dankbaarheid gevier. Die geleentheid was 'n hartlike een, met byna die hele Strydom-familie wat betrokke was om die dag spesiaal te maak. Leonard en Thabo Strydom het die tange opgeneem en heerlike wors gebraai vir worsbroodjies wat aan kliënte uitgedeel is. Elke persoon wat hul voertuig met minstens R300 se brandstof volgemaak het, is bederf met een van hierdie smaaklike worsbroodjies. Die vrouens en kinders van die familie het ook deelgeneem en saam met Leonard en Thabo 'n vriendelike geselsie met elke kliënt aangeknoop.
Die atmosfeer was warm en uitnodigend, met glimlagte en dankbetuigings wat oor en weer gedeel is. Die Strydoms het hul opregte dankbaarheid uitgespreek teenoor al hul kliënte wat Iceberg Truck Stop ondersteun het gedurende die afgelope jaar. “Ons waardeer elke kliënt wat hier stop en ons onderneming ondersteun. Sonder julle sou ons nie hier gewees het nie,” het Leonard gesê. Met sulke opregte waardering en gasvryheid, is dit geen wonder dat Iceberg Truck Stop reeds diep spore getrap het in die gemeenskap nie.


Op die foto vl: Thabo en Leonard Strydom.







## Vegkop Geloftefees

**VEGKOP SLAGVELDTERREIN**

**SONDAG, 15 DESEMBER 2024**
17:00 tot 18:00 Samesang by die Monument
Tee/Koffie na die tyd


**MAANDAG, 16 DESEMBER 2024**
**08:45** Samesang en Lofbetuigings
**Voorlees van Gelofte** - Fanie Malherbe
**Skrifoordenking:** Ds. Willem van Schalkwyk
**Kranslegging & Huldeblyk:** Johann en Riana Stadler
**Laai van ‘n voorlaaier & Demonstrasie:** Charl Marais
**Samesang:** Lied van Jong Suid-Afrika

**Teepouse:** ( +- 20 min) Koffie & Tee gratis - Feeskomitee

**Feesrede:** Adv. Pieter Aucamp
**Bedankings**
**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

**Geloftefeesnavrae:** Hennie Naudé - 083 269 9293
**Kampering beskikbaar kontak:**
Johann Stadler - 082 774 8813

FEES-ETES beskikbaar teen R130/ete en moet asseblief vooraf gereël word by ELZET BERGH - 083 608 8721






# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ELSIE CATHRINA JANSE VAN RENSBURG**
Identiteitsnommer: 290504 0038 08 3 in lewe 'n PENSIONARIS woonagtig te ACASIASTRAAT 9, REITZ, 9810, WEDUWEE.
**DATUM VAN AFSTERWE: 23 JUNIE 2023**
**BOEDELNOMMER : 007463/2023**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **0005418/2024**
Surname: **Benade**
First Names: **Johannes Gerhardus**
Date of Birth: **1965-11-06**
ID Number: **651106 5107 088**
Last Address: **Farm Nooitverwacht, Petrus Steyn, Free State Province**
Date of Death: **2024-06-02**
Master's Office: **Bloemfontein.**
First Names of Surviving Spouse: **Hester**
First Names of Surviving Spouse: **Benade**
Date of birth of Surviving Spouse: **1971-05-21**
ID Number of Surviving Spouse: **710521 0044 087**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Van Zyl - Fourie Attorneys**
Address of Executor or Authorised Agent:
**16 REITZ STREET, PETRUS STEYN, 9640**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**ADVERTISER NAME:**
**VAN ZYL - FOURIE ATTORNEYS**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**16 REITZ STREET, PETRUS STEYN, 9640**
**ADVERTISER E-MAIL:**
**michael@vzfattorneys.net**
**DATE SUBMITTED: 2024-11-20**
**ADVERTISER TELEPHONE: 083 547 9244**
**Publication in the Government Gazette on: 2024-12-06**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T7486/1980** passed by:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**(Born on 31 January 1950)**
In favour of:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**(Born on 3 August 1913)**
In respect of certain:
REMAINING EXTEND OF THE FARM CATHARINA 70, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE IN EXTEND: 85,6532 (EIGHTY FIVE COMMA SIX FIVE THREE TWO) HECTARES
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 14 November 2024.
**A BOTHA**
**APPLICANT**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**804 TERBLANCHE STREET,**
**RIETFONTEIN, 0084**
**EMAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 7757 256**


BOERBOEL HONDJIES
TE KOOP
Slegs tefies beskikbaar @ R1 500 per hondjie (Ingeënt en ontwurm)
Beskikbaar 18 Desember 2024.
**Skakel 082 926 4130**


## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T6588/1951** passed by:
**MARIA MAGDALENA JORDAAN,** born Olivier
Born on 2 November 1884, widow
In favour of:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**Born on 3 August 1913**
In respect of certain:
REMAINING EXTEND OF THE FARM ROODE RAND 175,
DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE
MEASURING: 143,6597(ONE HUNDRED FORTY THREE COMMA SIX FIVE NINE SEVEN) HECTARES
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE at Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 29 November 2024.
**A BOTHA**
**APPLICANT**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS,**
**804 TERBLANCHE STREET,**
**RIETFONTEIN 0084**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the aissue of a certified copy of **Deed of Transfer T7389/1948** passed by:
**PHILIPPUS LODEWIKUS SNYMAN**
**Born on 17 November 1878**
In favour of:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**Born on 3 August 1913**
In respect of certain:
1. THE FARM RANDJES HOEK 1589,
DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE.
IN EXTEND: 57,4633(FIFTY SEVEN COMMA FOUR SIX THREE THREE) HECTARES
2. THE FARM DARLING 1590,
DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE.
IN EXTEND: 57,4633(FIFTY SEVEN COMMA FOUR SIX THREE THREE) HECTARES
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE at Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 29 November 2024
**A BOTHA**
**APPLICANT**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS,**
**804 TERBLANCHE STREET**
**RIETFONTEIN 0084**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T 1925/2016 (V/A 407/2024)** passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY favour of JOHANNES THABO MOFOKENG Identity number: 830411 5987 08 1 in respect of certain ERF 5517 DISTRICT HEIBRON PROVINCE FREE STATE.
INEXTENT: 455 (FOUR HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METERS.
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 22 day of NOVEMBER 2024.
**Applicant**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**E-MAIL: aktes@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com


## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T5372/1954 passed by:**
**1. JACOBUS ALWYN SMIT**
**Gebore 20 JUNIE 1917**
Blote eienaar
**2. MATTHYS JOHANNES SMIT**
**Gebore 10 Maart 1888**
en
**ANNA FRANCINA JOHANNA SMIT**
**(Gebore VOSLOO)**
**Gebore 29 Maart 1894,** getroud binne gemeenskap van goed met mekaar.
Die gesamentlike houers van die vruggebruik
In favour of:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**Gebore 3 Augustus 1913**
In respect of certain:
SEKERE PLAAS KALKDAM NO. 1125,
GELëë IN DIE DISTRIK HEILBRON.
GROOT: 143,6597(EENHONDERD DRIE EN VEERTIG, KOMMA SES VYF NEGE SEWE) HEKTAAR
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE at Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 03 December 2024
**A BOTHA**
**APPLICANT**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**804 TERBLANCHE STREET,**
**RIETFONTEIN, 0084**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T29089/2000** passed by:
**PETRUS STEYN-MAMAFUBEDU PLAASLIKE OORGANGSRAAD**
In favour of:
**DANIEL TELLO MAKOALA**
**Identiteitsnommer: 720617 5783 08 9**
Ongetroud
In respect of certain:
**ERF 1971, MAMAFUBEDU (UITBREIDING 1), DISTRIK, PETRUS STEYN,**
**Provinsie VRYSTAAT**
**GROOT: 280 (TWEEHONDERD EN TAGTIG) vierkante meter.**
Which has been lost or destroyed.
28 November 2024
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE at Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 28 November 2024.
**A BOTHA**
**APPLICANT**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**804 TERBLANCHE STREET,**
**RIETFONTEIN, 0084**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T3203/1962** passed by:
**SUSANNA JACOBA NEL (Gebore Purchase)**
**Gebore 24 September 1890** Weduwee
In favour of:
**JAN HENDRIK PETRUS SNYMAN**
**Gebore 3 Augustus 1913**
In respect of certain:
1. Plaas Potgieter's Rust 1023, die distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, Groot: 145,6104 (Eenhonderd Vyf en Veertig komma Ses Een Nul Vier) hektaar
2. Plaas Welgenoeg 1065, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, Groot: 22,5039 (Twee en Twintig komma Vyf Nul Drie Nege) hektaar.
3. Plaas Welgenoeg 1066, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, Groot: 88,8438 (Agt en Tagtig komma Agt Vier Drie Agt) hektaar
4. Plaas Rietfontein 820, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, Groot: 171,8324 (Eenhonderd Een en Sewentig komma Agt Drie Twee Vier) hektaar.
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the registrar of deeds free state at bloemfontein, Situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 03 December 2024
**A BOTHA**
**APPLICANT – AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**804 TERBLANCHE STREET, RIETFONTEIN, 0084 E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

# SMALLS


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**





Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078




# HERALD Sport




## Rolbalklub hou suksesvolle fondsinsamelingsaand en beplan opwindende nuwe jaar

Op 28 November het die plaaslike rolbalklub 'n fondsinsamelingsaand gehou om hul provinsiale spelers te ondersteun. Dit was 'n aand vol geesdrif en kameraderie, met heerlike kos en goeie geselskap as hoogtepunte. Hoewel die koue later die aand ingesluip het, kon niks die entoesiasme van die deelnemers en ondersteuners demp nie.

Hierdie geleentheid was ook die klub se laaste groot sosiale byeenkoms vir die jaar en het gesorg vir 'n gepaste afsluiting van 'n suksesvolle seisoen.

Die nuwe jaar beloof opwindende geleenthede, met die gewilde "Boere Challenge" wat vroeg in die jaar plaasvind. Die klub nooi alle boereverenigings uit om hul rolbalballe af te stof en voor te berei vir hierdie vrolike kompetisie.

Sosiale rolbal bly egter steeds in volle swang gedurende Desember. Lede en belangstellendes kan op Woensdae- en Saterdagmiddae, asook Woensdagaande vanaf 18:00, deelneem aan informele spel.

Die rolbalklub sien uit na nog 'n jaar van groei, sportmanskap en gemeenskaplike betrokkenheid. Hulle is dankbaar aan elke persoon wat die klub ondersteun het gedurende die jaar!





## Verwelkom nuwe Takbestuurder en Span

Heilbron – VKB Meganisasie se dinamiese span spog met opwindende veranderinge wat beloof om hul diens aan die gemeenskap na nuwe hoogtes te neem. Ruan Blignaut is onlangs aangestel as die nuwe takbestuurder. Hoewel hy 'n nuwe gesig in hierdie rol is, is hy beslis geen vreemdeling vir Heilbronners nie en bring hy 'n vars energie na die posisie. Saam met Ruan sluit Marcelle van Staden, die nuwe administratiewe dame, ook aan by die span. Haar entoesiasme en toewyding versterk die span se vermoë om kwaliteit diens te lewer. Heilbronners hoef egter nie bekommerd te wees nie – die bekende gesig van Gerrie Duminy, wat deur die jare vir soveel vertroudheid en uitstekende diens gesorg het, bly steeds deel van die span, en sal verseker dat VKB Meganisasie se nalatenskap van betroubaarheid en vriendelikheid voortgaan.

Die nuwe dinamiese span sien uit daarna om die gemeenskap se behoeftes nog beter te bedien en te ondersteun.

Vir enige navrae of meer inligting, kontak gerus Ruan Blignaut by 076 531 1023 of skakel die kantoor direk by 058 852 3936.




*Op die foto vl: Ruan Blignaut (Takbestuurder) en Marcelle van Staden (Admin).*

MZWMPH TOURISM & LODGE PTY (LTD)
Reg Nr. 9420293039

SERVICES OFFERED:
• Painting roof & Walls
• Ceiling, Tiling, Pavement, Washing Windows, Fencing

CONTACT DETAILS
tshabalalatlaleng85@gmail.com
Cell: 066 496 8349

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 9 DESEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Kwartaallikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DINSDAG - 10 DESEMBER 2024
VREDE Gholfdag veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
ANYSSPRUIT Twee-maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ROSENDAL Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
TUGELA FERRY Spesiale veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

WOENSDAG - 11 DESEMBER 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Kersveiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DONDERDAG - 12 DESEMBER 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 13 DESEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

